Nuusbrief 12 / 24 Julie 2026

CHRISTELIK CHRISTIAN · INCLUSIVE INKLUSIEF · TOEGANKLIK APPROACHABLE · BALANCE BALANS

LAERSKOOL MIDSTREAM RIDGE PRIMARY
EXCELLENTIA

# Uit die Hoof se Kantoor

Geagte Ouers, Personeel en Leerders

Welkom by die begin van die derde kwartaal! Met die aanbreek van hierdie kwartaal kyk ek met dankbaarheid terug na my eerste jaar as hoof by LMRP. Dit vul my met diepe dankbaarheid om te sien hoe ver ons gekom het. Ons beleef daagliks die Vader se genade deur die geleenthede, krag en samehorigheid wat Hy aan ons skenk.

Ek is besonder trots op die vooruitgang wat ons gemaak het met die opgradering van ons fasiliteite. Die verbeteringe maak nie net ons skoolomgewing veiliger en aantrekliker nie, maar het ruimte vir meer deelname en samehorigheid geskep. Die glimlagte op die stoepe en tydens pouse getuig van 'n gesonde atmosfeer wat by ons skool heers. Dit is te danke aan die onvoorwaardelike ondersteuning en samewerking van elke ouer, personeel en natuurlik ons leerders self.

Dit bring my by my boodskap:
Die lewe gaan so vinnig verby. Ons moet bewus bly van die oomblik waarin ons onself vind en die kosbare tyd wat ons saam het. Mag ons hierdie kwartaal met opregtheid betree, en saam verdere herinneringe skep – agter die skoolbanke, op die speelgrond en in ons huise. U betrokkenheid en ondersteuning bly noodsaaklik; dit maak die verskil in die lewens van ons kinders.

**"Elke dag het jy die kans om iemand se dag te verander."** Hoe laat jy ander voel as hulle in jou teenwoordigheid is? Kies vriendelikheid en teenwoordigheid – dit is wat mense onthou.

Dankie vir u volgehoue samewerking en toewyding. Mag ons voortgaan om te groei en herinneringe te bou, als onder die Vader se genade.

Met opregte groete en seën vir dié kwartaal.

**NICO LOGGENBERG**
**SKOOLHOOF**

**Moenie die dae tel nie maar laat die dae tel.**

**Midstream Tydskrif Junie 2026**

# INLIGTING

## MISTREAM ATLETIEKKLUB VOORSEISOEN

Die Midstream Atletiekklub sien daarna uit om die voorseisoen vir die komende atletiekseisoen af te skop! Klik asseblief op die onderstaande skakel vir meer inligting oor hoe jy by die klub kan aansluit.

**MIDSTREAM ATLETIEKKLUB**

**Graad 3-leerders – Kry 'n voorsprong!**
Indien jy tans in graad 3 is en graag hekkies of verspring wil aanpak, is Augustus die ideale tyd om een tree voor te wees.
Ons oefensessies fokus op basiese vaardighede, tegniek en ouderdomsgeskikte oefeninge om jong atlete met selfvertroue en 'n goeie grondslag vir die voorseisoen voor te berei.

## SKOOLUNIFORM - KWARTAAL 3

- Leerders mag van Maandag tot Donderdag formele winteruniform of sweetpakke dra.
- Op Vrydae en ander dae wanneer ons spesifieke saalbyeenkomste of prysuitdelings het, moet leerders hul formele winteruniform en skoolbaadjie dra. **Sweetpakke mag nie op hierdie dae gedra word nie.**

Die amptelike datum waarop ons na someruniform sal oorskakel, sal binnekort aan u gekommunikeer word.

***SpringFest 2026 | www.springfest.co.za | Kaartjies beskikbaar - HOWLER***



# HOKKIE


CAMP Discovery
Leadership Sport • Adventure
TOYOTA
PRIMARY SCHOOL HOCKEY
09 - 12 JULY 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport • Adventure
TOYOTA
PRIMARY SCHOOL HOCKEY
09 - 12 JULY 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport • Adventure
TOYOTA
PRIMARY SCHOOL HOCKEY
09 - 12 JULY 2026




TOYOTA
PRIMARY SCHOOL HOCKEY
09 - 12 JULY 2026




MALIK

# LANDLOOP




MIDSTREAM RIDGE
NA RAMSGATE
10–13 JULIE 2026
MIDSTREAM RIDGE
RAMSGATE
LANDLOOPTOER





# KRIEKET




CAMP Discovery
Leadership Sport • Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
19 - 22 June 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport • Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
27 - 30 June 2026




MIDSTREAM RIDGE PRIMARY





# KRIEKET




CAMP Discovery
Leadership Sport Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
27 - 30 June 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
19 - 22 June 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
27 - 30 June 2026


CAMP Discovery
Leadership Sport Adventure
PRIMARY SCHOOL CRICKET
19 - 22 June 2026



# RUITERKUNS


Alle
Sterkte
aan ons
EKURHULENI
Streekspan
MIDSTREAM RIDGE
LAERSKOOL
PRIMARY
EXCELLENTIA
Rakker
RY met PASSIE,
SPRING met DAPPERHEID,
PRESTEER met TROTS!
Midstream Ridge Bo!
ONS IS TROTS OP JULLE MEISIES,
Julle kan dit doen!
FOKUS • SPANWERK • RESPEK • UITNEMENDHEID









# BELANGRIKE SKOOLSKAKELS

| | | |
|---|---|---|
| **Kalender** | | Die algemene skoolkalender vir die jaar - dit word met elke nuusbrief opgedateer. |
| **Sportkalender Kwartaal 3** | | Die sportkalender is "lewendig" en word dus daagliks aangepas. Dit kan in die *DOCUMENTS FOLDER* in die Edana-toepassing gevind word. |
| **Nasorgsentrum** | @RakkerCare | Hoe om u kind by die nasorgsentrum in te skryf |
| **LMRP Aksie-fotos** | | Ouers is welkom, en word aangemoedig om aksie-foto's van enige skoolgeleenthede en byeenkomste aan ons d.m.v. dié skakel te stuur. |
| **Edana** | | Hoe om die toepassing af te laai en te installeer |
| | | Hoe om jou fooninstellings aan te pas om kennisgewings op jou foon te ontvang |
| ***Google Classroom*** | | Hoe om *Google Classroom* op u slimfoon af te laai en te installeer |
| | | Hoe om *Google Classroom* op u rekenaar af te laai |
| **Sosiale Media Toestemming** | | Voltooi asb. dié vorm rakende sosiale media. |
| ***Facebook*** | | Volg ons op *Facebook*. |
| ***Instagram*** | | Volg ons op *Instagram*. |
| **Opdateer van Mediese Rekords** | | Dit is baie belangrik dat ons van alle leerders opgedateerde mediese rekords hou. Pas asb. dié inligting soos nodig aan. |